BIERSAALREGULASIES.

Die Biersaalregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 182 van 16 November 1964 word hierby gewysig deur regulasie 2 (1) (a) (i) en (ii) deur die volgende te vervang:—

- „(i) op Maandae tot Saterdag tussen die ure 10 vm. en 10 nm.;
(ii) op Sondae en op Geloftedag tussen die ure 2 nm. en 5 nm.; en”.

No. 80.]

[1 Julie 1970

VERMEERDERING VAN PADBREEDTE VAN HOOF-
PAD 2, SEKSIE 4 (a), DISTRIK OTJIWARONGO.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 saamgelees met artikel 40 (1) van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die padbreedte van hoofpad 2, seksie 4 (a), soos beskryf in Bylae II van Proklamasie 67 van 1970, 70 meters moet wees.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 5de dag van Mei 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

No. 81.]

[1 Julie 1970

ERE-NATUURBEWAARDERS: HERROEPING VAN
AANSTELLING.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 71 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) sy goedkeuring te heg aan die herroeping van die aanstellings van mej. H. Marggraff en mnr. A. Lötter as ere-natuurbewaarders vir die Gebied Suidwes-Afrika.

No. 82.]

[1 Julie 1970

ORDONNANSIE OF WINKELURE EN
WINKELBEDIENDES.
WYSIGING VAN DIE OPENINGS- EN SLUITINGSURE
VAN WINKELS IN SWAKOPMUND.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie 15 van 1939) soos gewysig, die openings- en sluitingsure voorgeskryf by artikel 3 (1) van genoemde Ordonnansie ten opsigte van die gebied wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Swakopmund val, maar uitsluitende die Swakopmund se Naturellelokasie, te wysig om dwarsdeur die jaar soos volg te wees:

Munisipaliteit Swakopmund (uitsluitende die Swakopmund Naturellelokasie).

	<i>Openingsure</i>	<i>Sluitingsure</i>
Weeksdae, behalwe Saterdag	7.30 vm.	9.00 nm.
Saterdag	7.30 vm.	1.30 nm.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF BEER
HALL REGULATIONS.

The Beer Hall Regulations published under Government Notice 182 dated 16 November 1964 are hereby amended by the substitution of the following for regulation 2 (1) (a) (i) and (ii):—

- “(i) On Mondays to Saturdays between the hours of 10 a.m. and 10 p.m.;
(ii) on Sundays and the Day of the Covenant between the hours of 2 p.m. and 5 p.m.; and”.

No. 80.]

[1 July 1970

INCREASING OF ROAD WIDTH OF TRUNK ROAD 2,
SECTION 4 (a), OTJIWARONGO DISTRICT.

Under and by virtue of the powers vested in me by section 4 read with section 40 (1) of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the road width of trunk road 2, section 4 (a), as described in Schedule II of Proclamation 67 of 1970, shall be 70 metres.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 5th day of May 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

No. 81.]

[1 July 1970

HONORARY NATURE CONSERVATORS:
REVOCATION OF APPOINTMENT.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 71 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) to approve the revocation of the appointments of Miss H. Marggraff and Mr. A. Lötter as Honorary Nature Conservators for the Territory of South West Africa.

No. 82.]

[1 July 1970

SHOP HOURS AND SHOP ASSISTANTS
ORDINANCE.
AMENDMENT OF OPENING AND CLOSING HOURS
OF SHOPS AT SWAKOPMUND.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939 (Ordinance 15 of 1939) as amended, to amend the opening and closing hours prescribed by section 3 (1) of the said ordinance in respect of the area falling within the jurisdiction of the Municipality of Swakopmund, but excluding the Swakopmund Native Location, to be throughout the year as follows:

Municipality of Swakopmund (excluding the Swakopmund Native Location).

	<i>Opening hours</i>	<i>Closing hours</i>
Weekdays, except Saturdays	7.30 a.m.	9.00 p.m.
Saturdays	7.30 a.m.	1.30 p.m.

No. R. 592 (Republiek).]

[17 April 1970

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE
SPOORWEEË EN HAWENS:WYSIGING IN DIE ALGEMENE SPOORWEG-
REGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens 1957 (Wet No. 70 van 1957) goedkeuring te verleen aan die volgende wysiging van Algemene Spoorwegregulasie No. 189, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1560 in Regulasiëkoerant No. 239 van 11 Oktober 1963, met ingang van 1 April 1970:—

Regulasie 189.

Vervang paragraaf (b) deur die volgende paragrafe:—

- (b) Verkeer na of van private slyne word, onderworpe aan die bepalings van paragraaf (c) hiervan, op eienaarsrisiko vervoer.
- (c) As verpakkingsvereistes vir goedere voorgeskryf is en daardie vereistes nagekom is, of as goedere in S.A.S.-pakwaens en -pakkaste gelaai is, sal die feit dat die goedere na of van 'n private slyne versend is, die Administrasie, ondanks die bepalings van paragraaf (b) hiervan, nie onthef nie van enige aanspreeklikheid wat, as dit nie vir daardie feit was nie, op hom sou gerus het uit hoofde van beskadiging van die goedere, met dien verstande dat —
- (i) die goedere, as dit van 'n private slyne versend is, onder bevoegde blanke toesig gelaai is ooreenkomstig 'n patroon wat deur die Administrasie goedgekeur of voorgeskryf is en die afsender bewys dat die nodige stumateriaal geplaas is in die trok waarin die goedere gelaai is op 'n wyse wat die Administrasie bevestig; of
- (ii) die goedere, as dit in S.A.S.-pakwaens en -pakkaste gelaai is: op so 'n wyse verpak, beskerm en beveilig is dat dit nie gedurende normale deurvoer beskadig kon word nie.

No. R. 592 (Republic).]

[17 April 1970

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS
AND HARBOURS:AMENDMENT OF THE GENERAL RAILWAY
REGULATIONS.

The State President has been pleased, in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), to approve of the following amendment to General Railway Regulation, No. 189, published under Government Notice No. R. 1560 in Regulation Gazette No. 239 of 11 October 1963, with effect from 1 April 1970:—

Regulation 189.

Substitute the following paragraphs for paragraph (b):—

- (b) Traffic to or from private sidings is, subject to the provisions of paragraph (c) hereof, conveyed at owner's risk.
- (c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b) hereof, where packing requirements have been prescribed for goods and those requirements are complied with, or where goods are loaded in S.A.R. mobile or portable containers, the fact that the goods were consigned to or from a private siding shall not exempt the Administration from any liability which, but for the fact, would have been incurred by it by reason of damage to the goods, provided that —
- (i) the goods, if consigned from a private siding, were loaded under competent White supervision in accordance with a pattern approved or prescribed by the Administration and that the sender proves that the truck in which they were loaded was dunnaged in a manner satisfactory to the Administration; or
- (ii) the goods, if loaded in a S.A.R. mobile or portable container, were packed, protected and secured in such manner as to prevent damage in normal transit.

No. R. 907 (Republiek).]

[12 Junie 1970

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD.WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE
DIE REGISTRASIE VAN SEKERE KLASSE GENEES-
HERE, INTERNS EN TANDARTSE.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 22 (2) en (3) van die Wet op Geneesher, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928) soos gewysig, gelees met artikel 94 (1) van genoemde Wet, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1690 van 30 Oktober 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 146 van 29 Januarie 1965, R. 742 van 21 Mei 1965 en R. 635 van 25 April 1969, verder te wysig —

No. R. 907 (Republic).]

[12 June 1970

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL.AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING
THE REGISTRATION OF CERTAIN CLASSES OF
MEDICAL PRACTITIONERS, INTERNS AND
DENTISTS.

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 22 (2) and (3) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928) as amended, read with section 94 (1) of the said Act, and after consideration of a recommendation by the South African Medical and Dental Council, further to amend the regulations published under Government Notice R.1690 dated 30 October 1964, as amended by Government Notices R. 146 dated 29 January 1965, R. 742 dated 21 May 1965 and R. 635 dated 25 April 1969 —

- (i) deur die byvoeging van die volgende nuwe regulasie 2 (h):
 „(h) geneeshere wat in diens is van geakkrediteerde diplomatieke sendings in die Republiek.”;
- (ii) deur die byvoeging van die volgende nuwe regulasie 9:
 „9. Elke persoon in regulasie 2 (h) genoem wat as geneesheer kragtens hierdie regulasies by die Raad geregistreer is, moet sy professionele aktiwiteite beperk tot —
- (a) behandeling van gesinne van diplomatieke verteenwoordigers en personeel wat aan sodanige diplomatieke sendings verbonde is en wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie;
- (b) sodanige ander professionele aktiwiteite as wat die Raad van tyd tot tyd in individuele gevalle mag goedkeur.”;
- (iii) deur die bestaande regulasie 9 te hernoem sodat dit „10” lui.
- (i) by the addition of the following new regulation 2 (h):
 “(h) medical practitioners engaged by accredited diplomatic missions in the Republic.”;
- (ii) by the addition of the following new regulation 9:
 “9. Every person referred to in regulation 2 (h) and registered as a medical practitioner with the Council in terms of these regulations shall restrict his professional activities to —
- (a) attendance on the families of diplomatic representatives and on staff who are attached to such diplomatic missions and who are not South African citizens;
- (b) such other professional activities as the Council may, from time to time, in individual cases approve.”;
- (iii) by re-numbering the present regulation 9 to read “10”.

No. R. 959 (Republiek.)]

[19 Junie 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/23).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
 Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
48.01 Deur subpos No. 48.01.80.80 deur die volgende te vervang: „80 Ander, met 'n basisgewig per vk. m. van minstens 35 grm. en met 'n prys v.a.b. per 1000 kg. van hoogstens R310	lb.	10%”		

OPMERKING — Die reg op sekere druk- en skryfpapier word gewysig in die mate aangetoon.

No. R. 959 (Republic.)]

[19 June 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/23).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
 Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty General	M.F.N.	Preferential
48.01 By the substitution for subheading No. 48.01.80.80 of the following: “80 Other, with a basis weight per sq. m. of 35 grm. or more and of a f.o.b. price per 1000 kg. not exceeding R310	lb.	10%”		

NOTE — The duty on certain printing and writing paper is amended to the extent indicated.

No. R. 960 (Republiek).]

[19 Junie 1970

No. R. 960 (Republic).]

[19 June 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/24).CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/24).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

BYLAE.

SCHEDULE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg			V Voorkeur
		Algemeen	M.B.N.		
70.05 Deur subposte Nos. 70.05.10, 70.05.20 en 70.05.30 deur die volgende te vervang:					
„70.05.10 Gewoon helder, met 'n dikte van minder as 1.7 mm.	vk. vt.	30c per 100 vk. vt.		20c per 100 vk. vt. (V.K.)	
70.05.20 Gewoon helder, met 'n dikte van minstens 1.7 mm. en met 'n gewig per vk. vt. van hoogstens 24 oz.	vk. vt.	15%		15% min 10c per 100 vk. vt. (V.K.)	
70.05.30 Ander, gewoon helder	vk. vt.	15%”			

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty			V Preferential
		General	M.F.N.		
70.05 By the substitution for subheadings Nos. 70.05.10, 70.05.20 and 70.05.30 of the following:					
“70.05.10 Plain clear, of a thickness of less than 1.7 mm.	sq. ft.	30c per 100 sq. ft.		20c per 100 sq. ft. (U.K.)	
70.05.20 Plain clear, of a thickness of 1.7 mm. or more and of a weight per sq. ft. not exceeding 24 oz.	sq. ft.	15%		15% less 10c per 100 sq. ft. (U.K.)	
70.05.30 Other, plain clear	sq. ft.	15%”			

OPMERKING — Die reg op genoemde glas word gewysig in die mate aangetoon.

NOTE — The duty on the glass mentioned is amended to the extent indicated.

No. R. 961 (Republiek).]

[19 Junie 1970

No. R. 961 (Republic).]

[19 June 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/25).CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/25).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

BYLAE.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
84.15 Deur subpos No. 84.15.20 deur die volgende te vervang: „84.15.20 Huishoudelike koelkaste (elektries) met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt.	getal	25% of 900c per kub. vt. nominale inhoudsvermoë min 60 persent van die prys v.a.b.”		
Deur subpos No. 84.15.40.10 deur die volgende te vervang: „10 Van hoogstens 12 kub. vt.	getal	25% of 900c per kub. vt. nominale inhoudsvermoë min 60 persent van die prys v.a.b.”		

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty General	M.F.N.	Preferential
84.15 By the substitution for subheading No. 84.15.20 of the following: “84.15.20 Household refrigerators (electrical) of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft.	no.	25% or 900c per cu. ft. nominal storage capacity less 60 per cent of the f.o.b. price”		
By the substitution for subheading No. 84.15.40.10 of the following: “10 Not exceeding 12 cu. ft.	no.	25% or 900c per cu. ft. nominal storage capacity less 60 per cent of the f.o.b. price”		

OPMERKING — Die reg op elektriese huishoudelike koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt. en huishoudelike koelkaskabinette vir koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt. word gewysig van 25% na 25% of 900c per kub. vt. nominale inhoudsvermoë min 60 persent van die prys v.a.b.

NOTE — The duty on electrical household refrigerators of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft. and household refrigerator cabinets for refrigerators of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft. is amended from 25% to 25% or 900c per cu. ft. nominal storage capacity less 60 per cent of the f.o.b. price.

No. R. 962 (Republiek).]

[19 Junie 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/26).

Ek, NICOLAAS DIEDERICH, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICH,
Minister van Finansies.

No. R. 962 (Republic).]

[19 June 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/26).

I, NICOLAAS DIEDERICH, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICH,
Minister of Finance.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Algemeen	Reg M.B.N.	Voorkeur
84.59 Deur na subpos No. 84.59.60 die volgende in te voeg:				
„84.59.65 Werkwinkelmasjinerie gewoonlik gebruik in 'n motorgarage vir vervaardigings-, toets- of herstelwerk	getal	5%	3%	vry (V.K.)”
Deur subpos No. 84.59.80.20 te skrap.				

OPMERKING — Die voorsiening vir werkwinkelmasjinerie gewoonlik gebruik in 'n motorgarage vir vervaardigings-, toets- of herstelwerk word by subpos No. 84.59.80.20 geskrap en toepaslike voorsiening daarvoor word by subpos No. 84.59.65 gemaak.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty General	M.F.N.	Preferential
84.59 By the insertion after subheading No. 84.59.60 of the following:				
“84.59.65 Workshop machinery ordinarily used in a motor garage for manufacturing, testing or repair work	no.	5%	3%	free (U.K.)”
By the deletion of subheading No. 84.59.80.20.				

NOTE — The provision in subheading No. 84.59.80.20 for workshop machinery ordinarily used in a motor garage for manufacturing, testing or repair work is deleted and suitable provision therefor is made in subheading No. 84.59.65.

No. R. 963 (Republiek).]

[19 Junie 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 2 (NO. 2/66).

Ek, NICOLAAS DIEDERICH, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 55 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 2 van genoemde Wet in die mate in die bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICH,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV
Item	Tariefpos en Beskrywing	Korting-items	Gebiede

16.01 Deur tariefpos No. 84.15 deur die volgende te vervang:
„84.15
Huishoudelike koelkaste (uitgesonderd elektriese huishoudelike koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt.); kabinette vir huishoudelike koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van meer as 12 kub. vt.

Frankryk
Italië
V.K.
V.S.A.
W. Duits.”

OPMERKING — Die voorsiening vir 'n gewone anti-dumpingreg op elektriese huishoudelike koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt., en alle kabinette vir huishoudelike koelkaste met 'n nominale inhoudsvermoë van hoogstens 12 kub. vt., word ingetrek.

No. R. 963 (Republic).]

[19 June 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 2 (NO. 2/66).

I, NICOLAAS DIEDERICH, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 55 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 2 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICH,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III	IV
Item	Tariff Heading and Description	Rebate Items	Territories

216.01 By the substitution for tariff heading No. 84.15 of the following:

“84.15
Household refrigerators (excluding electrical household refrigerators of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft.); cabinets for household refrigerators of a nominal storage capacity exceeding 12 cu. ft.

France
Italy
U.K.
U.S.A.
W. Germ.”

NOTE — The provision for an ordinary anti-dumping duty on electrical household refrigerators of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft. and all cabinets for household refrigerators of a nominal storage capacity not exceeding 12 cu. ft., is withdrawn.

No. R. 964 (Republiek).] [19 Junie 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 3 (NO. 3/232).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting

312.01 Deur tariefpos No. 83.02 te skrap.

OPMERKING — Ornamente van onedelmetaal is by tariefpos No. 71.16 indeelbaar, en die voorsiening daarvoor by tariefpos No. 83.02 word dus geskrap.

No. R. 965 (Republiek).] [19 Junie 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 4 (NO. 4/64).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 4 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting

404.03 Deur na paragraaf (XI) die volgende in te voeg:

„(XII) Goedere van enige beskrywing, vir gebruik deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad
Volle reg”

405.01 Deur paragraaf (xi) deur die volgende te vervang:

„(xi) „The Girls' Brigade”;
Deur paragraaf (xiv) deur die volgende te vervang:
„(xiv) Die Suid-Afrikaanse Lewensreddersvereniging”

OPMERKINGS —

- (1) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op goedere van enige beskrywing vir gebruik deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad.
- (2) Die benamings „The Girls' Life Brigade” en „Die Koninklike Lewensreddersvereniging” word onderskeidelik gewysig na „The Girls' Brigade” en „Die Suid-Afrikaanse Lewensreddersvereniging”.

No. R. 964 (Republic).] [19 June 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/232).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate

312.01 By the deletion of tariff heading No. 83.02.

NOTE — Base metal ornaments are classifiable in tariff heading No. 71.16 and the provision therefor in tariff heading No. 83.02 is deleted.

No. R. 965 (Republic).] [19 June 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/64).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 4 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate

404.03 By the insertion after paragraph (XI) of the following:

“(XII) Goods of any description, for use by the South African Medical Research Council
Full duty”

405.01 By the substitution for paragraph (xi) of the following:

“(xi) The Girls' Brigade”
By the substitution for paragraph (xiv) of the following:
“(xiv) The South African Life Saving Society”

NOTES —

- (1) Provision is made for a rebate of the full duty on goods of any description for use by the South African Medical Research Council.
- (2) The names of “The Girls' Life Brigade” and “The Royal Life Saving Society” are amended to “The Girls' Brigade” and “The South African Life Saving Society”, respectively.

Algemene Kennisgewings.**General Notices.**

(No. 33 van 1970.)

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.**PERMANENTE SLUITING VAN STRAATGEDEELTES.**

Kennisgewing geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 183 (1) (b) (ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipale Raad van Windhoek voornemens is om die ondergemelde straatgedeeltes permanent te sluit:

Gedeeltes van Sperlingslust-, Schwerinsburg- en Knightstraat.

Die voorgestelde sluiting word aangedui op Plan LXXXV-69/7/31 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die stadsklerk ter insae lê.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183 (3) van die bogemelde ordonnansie binne derig dae na datum van verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

(No. 34 van 1970.)

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.**PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN 'N OPENBARE PLEK.**

Kennisgewing geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 183 (1) (b) (ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipale Raad van Windhoek voornemens is om 'n gedeelte van die ondergemelde openbare plek permanent te sluit:

Gedeelte van openbare plek bekend as erf 3373 Windhoek.

Die voorgestelde sluiting word aangedui op plan L/3373/W-69/3/10 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die stadsklerk ter insae lê.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183 (3) van die bogemelde ordonnansie binne derig dae na die datum van verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

(No. 35 van 1970.)

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.**PERMANENTE SLUITING VAN STRAATGEDEELTE.**

Kennisgewing geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 183 (1) (b) (ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipale Raad van Windhoek voornemens is om die ondergemelde straatgedeelte permanent te sluit:

Gedeelte van Faradaystraat genommer 2 op die voorgenoemde plan.

Die voorgestelde sluiting word aangedui op Plan 0/3/11—L/2101/W wat gedurende kantoorure in kantoor 415 van die stadsklerk ter insae lê.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183 (3) van die bogemelde ordonnansie binne derig dae na die datum van verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

(No. 33 of 1970.)

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.**PERMANENT CLOSING OF STREET PORTIONS.**

Notice is hereby given in terms of section 183 (1) (b) (ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Windhoek, proposes to close permanently the under-mentioned street portions as indicated on Plan LXXXV-69/7/31 which is open to inspection during office hours at the office of the town clerk:

Portions of Sperlingslust, Schwerinsburg and Knight Streets.

Objections to the proposed closing should be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183 (3) of the said ordinance.

(No. 34 of 1970.)

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.**PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF A PUBLIC PLACE.**

Notice is hereby given in terms of section 183 (1) (b) (ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Windhoek proposes to close permanently a portion of the under-mentioned public place as indicated on Plan L/3373/W-69/3/10, which is open to inspection during office hours at the office of the town clerk;

Portion of public place known as Erf 3373, Windhoek.

Objections to the proposed closing should be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183 (3) of the said ordinance.

(No. 35 of 1970.)

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.**PERMANENT CLOSING OF STREET PORTION.**

Notice is hereby given in terms of section 183 (1) (b) (ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended that the Municipal Council of Windhoek, proposes to close permanently the under-mentioned street portion as indicated on Plan 70/3/11—L/2101/W which lies open to inspection during office hours at office 415 of the town clerk:

Portion of Faraday Street, numbered 2 on the aforementioned plan.

Objections to the proposed closing should be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183 (3) of the said ordinance.

(No. 36 van 1970).

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILD-
RESERVE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hierby dat Mevr. A. E. R. KÜRSCHNER van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalinge van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, haar plaas NEU-ONIS 10 geleë in die distrik Maltahöhe tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

WINDHOEK.
15.6.1970.

(No. 37 van 1970).

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILD-
RESERVE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hierby dat Mnr. E. en Mev. G. SCHMID van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalinge van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, hul plaas Okatjorute (Deel 2 van Hagenau) 13 geleë in die distrik Okahandja tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

WINDHOEK.
15.6.1970.

(No. 370 van 1970 (Republiek).)

WET OP MATE EN GEWIGTE, NO. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, word hierby kennis gegee dat elke persoon wat 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig vir gebruik in die handel besit op 'n plek in die Bylae hiervan vermeld of op 'n plek geleë binne tien myl vanaf 'n plek aldus vermeld, dit op die plek en tyd genoem in vermelde Bylae vir ondersoek en yking of heryking moet lewer, tensy dit —

- (a) 'n instrument, maat of gewig is waarop 'n ykstempel vir 1970 verskyn, of 'n kontrakinstrument is; of
- (b) 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig is wat ingevolge die Wet van yking vrygestel is; of
- (c) 'n weeg- of meetinstrument of maat is wat òf op so 'n wyse vas is òf van so 'n delikate konstruksie òf van so 'n gewig is dat dit nie gerieflik vervoer kan word nie; of
- (d) 'n platformweeginstrument met 'n weegvermoë van meer as 150 kg is.

L.W.: Persone wat vir gebruik in die handel weeg- of meettoerusting besit wat in bostaande paragrafe (c) en

(No. 36 of 1970).

APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED A
PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mrs. A. E. R. KÜRSCHNER, proposes having her farm NEU-ONIS 10 situated in the district of Maltahöhe, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

WINDHOEK.
15.6.1970.

(No. 37 of 1970).

APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED A
PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mr. E. and Mrs. G. SCHMID proposes having their farm Okatjorute (Portion 2 of Farm Hagenau) 13 situated in the district of Okahandja, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

WINDHOEK.
15.6.1970.

(No. 370 of 1970 (Republic).)

WEIGHTS AND MEASURES ACT, NO. 13 OF 1958.

Notice is hereby given in terms of section 22 (1) of the Weights and Measures Act, 1958, that every person possessing for use in trade any weighing or measuring instrument, weight or measure at a place specified in the Schedule hereto or at a place situated within ten miles of any place so specified, is required to produce it at the place and time specified in the said schedule, for the purpose of its being examined and assized or re-assized, unless it is —

- (a) an instrument, weight or measure bearing a stamp of assize for 1970, or a contract instrument; or
- (b) a weighing or measuring instrument, weight or measure exempted from assizing in terms of the Act; or
- (c) a weighing or measuring instrument or a measure which is fixed in such a manner or is of such delicate construction or is of such weight that it cannot conveniently be moved; or
- (d) a platform weighing instrument having a weighing capacity greater than 150 kg.

N.B.: Persons possessing for use in trade weighing or measuring equipment mentioned in paragraphs (c)

(d) vermeld staan en nie kontrakinstrumente is nie, word daaraan herinner dat hulle die Streekyker, Posbus 729, Windhoek, voor 15 Januarie 1970 in kennis moes gestel het van die plek waar sodanige weeg- of meettoerusting gehou word.

J. J. EVERTSE,
Superintendent van Mate en Gewigte.

PRETORIA.

29 MEI 1970.

BYLAE.

SWAKOPMUND: Departement van Werke, 9 vm.—3 nm., 2 Julie 1970.

WALVISBAAI: S.A. Polisie, 9 vm.—4 nm., 9 Julie 1970.

and (d) above, which are not contract instruments, are reminded that they should have notified the Regional Assizer, P.O. Box 729, Windhoek, before 15 January 1970 of the place where such weighing or measuring equipment is kept.

J. J. EVERTSE,
Superintendent of Weights and Measures.

PRETORIA.

29 MAY 1970.

SCHEDULE.

SWAKOPMUND: Works Department, 9 a.m.—3 p.m., 2 July 1970.

WALVIS BAY: S.A. Police, 9 a.m.—4 p.m., 9 July 1970.

(No. 383 van 1970 (Republiek).)

SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE
WYSIGING VAN SPESIFIKASIES.

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde wat by artikel vier van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet nr. 33 van 1962), ingestel is, het die onderstaande spesifikasies gewysig, en die Minister van Ekonomiese Sake het die behoud van die betrokke standaardmerk ten opsigte van die gewysigde spesifikasies goedgekeur.

Die Raad het verder besluit dat alle houers van permitte om die standaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasies mag voortgaan, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval na 30 Junie 1970 nie meer van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies nie.

Wysigingstrookies is verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria.


(No. 383 of 1970 (Republic).)

SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS
AMENDMENT OF SPECIFICATIONS.

The Council of the South African Bureau of Standards established by section four of the Standards Act, 1962 (Act No. 33 of 1962), has agreed to the amendment of the specifications listed below, and the Minister of Economic Affairs has approved the retention of the relevant standardization mark in respect of the amended specifications.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the standardization mark to the commodities listed below, may if they so desire proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the products in accordance with the amended specifications and furthermore that the relevant standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specifications after June 30, 1970.

Amendment slips are obtainable from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Spesifikasie-nommer. Specification number.	Handelsartikel. Commodity.	Bestek van wysiging. Scope of amendment.	Merk. Mark.
945-1969	Rekverbande/Crêpe bandages	Die spesifikasie is gewysig sodat nie-metrieke eenhede deur metrieke eenhede vervang word. Die titel is gewysig deur „(metrieke eenhede)” by te voeg/The specification has been amended to replace non-metric units by metric units. The title has been amended by adding “(metric units)”.	

NOTA — Hierdie kennisgewing vervang deel van kennisgewing No. 83 van 1970 wat verskyn het in die Staatskoerant No. 2621 van 13 Februarie 1970, en in die *Offisiële Koerant* van Suidwes-Afrika No. 3054 van 2 Maart 1970, wat betref die bogenoemde spesifikasie.

NOTE — This notice supersedes part of Notice No. 83 of 1970, which appeared in Government Gazette No. 2621 of February 13, 1970, and in the *Official Gazette* of South West Africa No. 3054 of March 2, 1970, in regard to the above-mentioned specification.

(No. 387 van 1970 (Republiek).)

BOUVERENIGINGSOPGAWE.

Ingevolge artikel *vier-en-dertig* (2) van die Bouverenigingswet 1965, word onderstaande Saamgestelde Opgawes vir algemene inligting gepubliseer.

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEEÏNDIG 30 APRIL 1970.

	Getal	Bedrag	
		R	R
Getal Verenigings	16		
Aandelekapitaal:			
Onbepaalde		1 129 916 249	
Vaste Termyn		203 969 562	
Totaal		1 333 885 811	
Algemene Reserwe		96 030 255	
Deposito's:			
Vaste		802 770 232	
Spaar		428 255 530	
Totaal		1 231 025 762	
Opgelope Rente		17 009 748	
Kollaterale Kontant-deposito's		5 624 683	
Opgelope Rente		76 916	
Lenings en Oortrekkings		5 669 500	
Voorskotte teen verband:			
(1) Voorskotte bo R15,000	16 481	518 254 390	
(2) Alle Voorskotte	299 855	2 129 907 093	
Toegestaan maar nie uitbetaal nie		229 048 995	
Likwiede Bates:			
Kontant en Deposito's onmiddellik opvraagbaar		57 708 199	
Lenings aan Diskontohuise en Wissels		19 180 000	
Onbeswaarde Effekte		91 267 812	
Opgelope Rente		1 590 787	
Totaal		169 746 798	
Statutêre Minimum Bedrag		137 666 123	
Voorgeskrewe Beleggings			
Likwiede Bates		169 746 798	
Deposito's (behalwe dié wat as likwiede bates geld)		118 702 228	
Lenings aan Diskontohuise (behalwe dié wat as likwiede bates geld)		—	
Onbeswaarde Effekte (behalwe dié wat as likwiede bates geld)		135 527 697	
Opgelope Rente		3 592 245	
Totaal		427 568 968	
Statutêre minimum bedrag		256 519 544	

(No. 387 of 1970 (Republic).)

BUILDING SOCIETIES RETURN.

In terms of section *thirty-four* (2) of the Building Societies Act, 1965, the following Composite Return is published for general information.

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 30 APRIL 1970.

	No.	Amount	
		R	R
Number of Societies	16		
Share Capital:			
Indefinite		1 129 916 249	
Fixed Period		203 969 562	
Total		1 333 885 811	
General Reserve		96 030 255	
Deposits:			
Fixed		802 770 232	
Savings		428 255 530	
Total		1 231 025 762	
Accrued Interest		17 009 748	
Collateral Cash Deposits		5 624 683	
Accrued Interest		76 916	
Loans and Overdrafts		5 669 500	
Mortgage Advances:			
(1) Advances over R15,000	16 481	518 254 390	
(2) All Advances	299 855	2 129 907 093	
Granted but not paid out		229 048 995	
Liquid Assets:			
Cash and Deposits withdrawable on demand		57 708 199	
Loans to Discount Houses and Bills		19 180 000	
Unencumbered Securities		91 267 812	
Accrued Interest		1 590 787	
Total		169 746 798	
Statutory Minimum Amount		137 666 123	
Prescribed Investments			
Liquid Assets		169 746 798	
Deposits (other than those ranking as liquid assets)		118 702 228	
Loans to Discount Houses (other than those ranking as liquid assets)		—	
Unencumbered Securities (other than those ranking as liquid assets)		135 527 697	
Accrued Interest		3 592 245	
Total		427 568 968	
Statutory minimum amount		256 519 544	

Advertensies.

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANT KANTOOR, Posbus 292, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 145, Wetgewende Vergadering, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4.30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Koerant*, al na die Sekretaris goetvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertaling moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs wetadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanwysing of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5-00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

8. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar deur inkomsteseëls op die oorspronklike kennisgewings, wat in duplikaat ingedien moet word, te plak:—

Type	Tarief
1. Oordrag van besigheid	R2.25
5. Sertifikaat van aanstelling van beëdigde waardeerder	R2.25
5. Vergadering van Balju	R2.25
7. Verklaring van dividend	R2.25
3. Verlore polis/akte/verband	R2.25
9. Regsveillings — Hooggeregshof	R3.75

9. Die Koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 8 genoem word, is teen die tarief van 30c per cm dubbelkolom, herhalings teen halfprys. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

10. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

Advertisements.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P. O. Box 292, Windhoek, or be delivered to Room 145, Legislative Assembly, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of, any advertisement.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. The subscription for the *Official Gazette* is R5-00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P.O. Box 56, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

8. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of revenue stamps affixed to the original notice, which must be submitted in duplicate:—

Type	Charge
4. Transfer of business	R2.25
5. Certificate of appointment of sworn appraiser	R2.25
6. Meeting of Sheriff	R2.25
7. Declaration of dividend	R2.25
8. Lost policy, deed, bond	R2.25
9. Sale in execution — Supreme Court	R3.75

9. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 8 is at the rate of 30c per cm double column, repeats half price. (Fractions of a cm be reckoned as a cm).

10. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

AANSOEKE OM MOTORTRANSPORTSERTIFIKATE.

Die onderstaande aansoeke om Motortransportsertifikate, met aanduiding van (1) verwysingsnommer, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van voorgestelde motortransport, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor, of gebied waarin die voorgestelde vervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalinge van artikel *dertien* (1) van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, en regulasie 5 van die Motortransportregulasies, 1964, soos gewysig, gepubliseer.

Skriftelike vertoë, in duplikaat, ter ondersteuning of bestryding van hierdie aansoeke moet binne tien (10) dae vanaf die datum van hierdie publikasie aan die aangeduide adres gerig word.

Adres waarheen vertoë gerig moet word: Die Sekretaris, Plaaslike Padvervoerraad, Privaatsak 13178, Windhoek, S.W.A.

1. TK/27 (M128).
 2. Kret Beleggings (S.W.A.) (Edms.) Bpk. WALVISBAAI. Nuwe aansoek.
 3. Twee voertuie SV. 2777 & 1087.
 4. (a) Eie goedere.
 5. (a) Binne 'n radius van 30 myl vanaf eie plek van besigheid te Walvisbaai.
 4. (b) Eie werknemers.
 5. (b) Vanaf hulle tuistes na hulle werkspersele en terug slegs tussen die ure 6.00 nm. tot 6.00 vm.
1. TR/52 (M126).
 2. U. Rental. GROOTFONTEIN. Nuwe aansoek.
 3. Een voertuig SF. 560.
 4. (a) Sand, klip en gruis ten behoeve van die Departement van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling.
 5. (a) Binne alle Bantoe gebiede geleë in S.W.A.
1. TC/69 (M138).
 2. J. J. Coetzee. OTAVI. Bykomende magtiging.
 3. Vier voertuie SE. 1042, 1043, 1221 & 1222.
 4. (a) Eie riviersand.
 5. (a) Vanaf plaas Duval distrik Otjiwarongo na Otavi, Tsumeb, Grootfontein, Ovamboland en die Kavango.
1. TC/69 (M137).
 2. J. J. Coetzee. OTAVI. Bykomende voertuie.
 3. Twee voertuie SE. 1221 en SE. 1222.
 4. (a) Gebrekte klip ten behoeve van Gabus Crush.
 5. (a) Vanaf Gabus na punte binne 'n omtrek van 50 myl vanaf Otavi poskantoor asook na punte binne die Munisipale gebied van Outjo en binne die landdrosdistrikte Otjiwarongo, Tsumeb, Grootfontein en binne die Kavango en Ovamboland.
1. TK/107 (M1007).
 2. E. Kuhangua. OTJIWARONGO. Bykomende magtiging.
 3. Een voertuig SO. 2651.
 4. (a) Onbewerkte sodaliet erts.
 5. (a) Vanaf Ehamba, Kaakoveld na Windhoek.
1. TN/26 (M120).
 2. G. P. W. Nieuhaus. OMARURU. Bykomende magtiging.
 3. Een voertuig SY. 550.
 4. (a) Goedere uitsluitlik ten behoeve van J. A. Nieuhaus & Söhne (Edms.) Bpk.
 5. (a) Binne 'n radius van 30 myl van J. A. Nieuhaus en Söhne se plekke van besigheid te Omaruru, Tsumeb en Grootfontein.
 4. (b) Asbesgeute, sementgeute, asbesplate, vensterglasuitrusting, winkelvesters, houtdeurrame, houtlyswerk, asbesbord, houtveselbord, houttraliewerk, portretraamlyswerk, marmerblaaie, geute en afleipype, porseleinware, (uitgesluit wasbakke, baddens, toiletspoelbakke en toiletpanne), erde teëls, dakpanne, uitsluitlik ten behoeve van J. A. Nieuhaus & Söhne (Edms.) Bpk.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

APPLICATIONS FOR MOTOR CARRIER CERTIFICATES.

The undermentioned applications for Motor Carrier Certificates indicating (1) reference number, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed motor carrier transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed Motor Carrier Transportation is to be effected, are published in terms of section *thirteen* (1) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, and regulation 5 of the Motor Carrier Transportation Regulations, 1964, as amended.

Written representations, in duplicate, supporting or opposing these applications must be submitted to the address indicated within ten (10) days from the date of this publication.

Address to which representations must be submitted: The Secretary, Local Road Transportation Board, Private Bag 13178, Windhoek, S.W.A.

1. TK/27 (M128).
 2. Kret Beleggings (S.W.A.) (Pty.) Ltd. WALVIS BAY. New application.
 3. Two vehicles SV. 2777 & 1087.
 4. (a) Own goods.
 5. (a) Within a radius of 30 miles from own place of business at Walvis Bay.
 4. (b) Own employees.
 5. (b) From their residences to places of employment and return only during hours 6.00 p.m. to 6.00 a.m.
1. TR/52 (M126).
 2. U. Rental. GROOTFONTEIN. New application.
 3. One vehicle SF. 560.
 4. (a) Sand, stone and gravel on behalf of the Department of Bantu Administration and Development.
 5. (a) Within all Bantu Areas situated in S.W.A.
1. TC/69 (M138).
 2. J. J. Coetzee. OTAVI. Additional authority.
 3. Four vehicles SE. 1042, 1043, 1221 & 1222.
 4. (a) Own river sand.
 5. (a) From farm Duval district Otjiwarongo to Otavi, Tsumeb, Grootfontein, Ovamboland and Kavango.
